


Publication: Burger,Die(Oos-Kaap) (Sport)
Publication Date: 29 Mar 2018
Page: 16

AVE: 7061.18
Circulation: 7783
Part: 1 of 1



Carina Horn Foto: ROGER SEDRES

# Haastige Horn onttrek aan Spele

Carina Horn, die vinnigste vrou in Suid-Afrika tot nog toe in die 100 m, gaan nie aanstaande maand in die blokke sak op die Statebondspele aan Australië se Goudkus nie.

Sy sal die byeenkoms misloop om van 'n besering te herstel.

Dié Tuks-atleet het die 100 m op die Suid-Afrikaanse kampioenskap in 11.03 sek. kafgedraf om die nasionale rekord te verbeter, en is 'n stap nader aan haar droom om dit onder 11 sek. te hardloop.

Nadat sy in Atletiek Suid-Afrika se voorlopige span ingesluit is vir die Statebondspele en die name aan die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee (Saskok) oorhandig is, het Saskok haar uit sy groep weggelaat. Toe Saskok later 'n paar atlete byvoeg, was haar naam steeds nie daar nie. Sy is toe op die nippertjie ingesluit.

Hoewel Horn steeds in staat is om te hardloop, wil sy nie die besering vererger en haar kanse kelder om die res van die jaar haar teiken van 'n tyd onder 11 sekondes te jaag nie.

Sy sal na verwagting wel op 4 Mei in aksie wees in die eerste ronde van die Diamantliga-reeks in Doha, Katar.

Rikenette Steenkamp het intussen Maandag op Sasolburg die eerste keer vanjaar, sedert haar besering herstel het, aan die 100 m-hekkies deelgeneem. Sy het op die SA kampioenskap net aan die 100 m-naelloop deelgeneem, waar sy eindelik vyfde geëindig het.

"Die belangrike ding is dat ek goed gevoel het tydens die wedloop," het Steenkamp gesê.

"Ek weet ek beskik oor die vermoë om vinnige tye te behaal. Ek moet net aan 'n paar dingetjies werk."

Sy meen een daarvan is om alles rondom haar tydens die wedloop uit te skakel. "Ek kon tot hoor wat Altus Schreuder, die aankondiger, tydens die wedloop gesê het, wat beteken dat ek nie gefokus het soos ek moes nie."

Steenkamp het in 2017 net die tweede Suid-Afrikaner geword wat die 100 m-hekkies onder 13 sekondes gehardloop het. Sy het in Switserland 'n blitstyd van 12.92 sek. aangeteken, wat 0.02 sek. vinniger as Corien Botha se nasionale rekord was, maar die windlesing het gekeer dat haar tyd as 'n amptelike tyd erken kon word.

– Wim Pretorius

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.